
*Ons is dankbare,* **2026** *diensbare ligdraers*

# *Kalender*




## NG KERK PHILADELPHIA

- BROEDERLIEFDE -

# Jaartema: "Philadelphia = Broederliefde"

***"Philadelphia beteken broederliefde –***
***mag elke maand ons help om hierdie naam waardig uit te dra."***

'n Jaar om ***lief*** te hê soos Christus ons ***liefhet***, in dade, in geloof, in hoop en in nederigheid.

Philadelphia, die dorp van broeder***liefde***: 'n plek waar stofstrate stories dra, waar mense mekaar raaksien, en waar God se teenwoordigheid "stil-in-die-hart" woon.
Hier het 'n groep boere in 1863 'n droom gehad: 'n gemeente, 'n gemeenskap van gelowiges naby hul huise, wat gebou is op ***liefde*** en volharding.
En so is ons kerk in 1864 ingewy — die begin van 'n gemeenskap wat stadig tot lewe gegroei het.

Sedertdien leef ons as mense wat mekaar dra, saam hoop en saam aanbid.
163 jaar van God se trou; geslagte wat hande vat en harte deel.

*"Laat broederliefde voortduur." – Hebreërs 13:1*




Mag 2026 vir ons almal 'n jaar wees van
vrede, genade, **liefde** en 'n klomp nuwe herinneringe!



*Ons is dankbare , diensbare ligdraers*

## Kontak ons gerus:

KANTOOR : A AGENBAG - 072 431 2831
info@ngkerkphiladelphia.org.za
Webtuiste: www.ngkerkphiladelphia.org.za
Facebook: NG Kerk Philadelphia

LERAAR : C VAN DER MERWE - 082 379 0469
chris@langerug.co.za

## Dope/ begrafnisse en huwelike:

Kontak die saakgelastigde of leraar in verband hiermee. Dope vind normaalweg plaas op die eerste Sondag van die maand.



## Sondag eredienste:

Oktober - Maart : 09h00 | April - September : 09h30

## Kerksakekommissie voorsitter:

Villiers Loubser - 083 303 3591

## Vrouediens voorsitster:

Lucille Bothma - 082 446 5923

## Kategese-hoof:

Tania van Tonder - 079 515 5155

## Bankbesonderhede:

ABSA Durbanville (takkode 632004)
Rek nr: 4057 491 733

**SNAPSCAN**

Ons is dankbare , diensbare ligdraers

# Ons span

Met dankbaarheid stel ons ons gemeentepersoneel voor — die mense wat met toewyding, liefde en nederige diens help bou aan ons geloofsfamilie en die werk van die Here in Philadelphia.

## Ons leraar



Ds Tolla van der Merwe
Pastorielaan, Philadelphia
082 379 0469
chris@langerug.co.za

## Ons saakgelastigde



Annemart Agenbag
Muisvoëlstr 20, Durbanville
072 431 2831
annemart@telkomsa.net

## Ons koster



Anneliese Coetzee
Pastorielaan, Philadelphia
082 774 6730
philos@telkomsa.net

## Ons orrelis



Rudi Greyling
Philadelphia
076 868 8128
greylinggottlieb@gmail.com

# Die Kerkraad

Ons leiers wat met wysheid, gebed en opregte omgee saam met ons die koers van ons gemeente help bepaal en die lig van Christus in ons gemeenskap uitdra.

## Adderley



Koos Blanckenberg
083 303 3590



Kosie Loubser
083 448 4500

## Dorp



Riaan Burger
082 807 0896



Nelmarí Engelbrecht
082 959 4021

## Klipheuwel



Lucille Bothma
082 446 5923



Freddie Mouton
072 791 3517

## Koeberg



Hannes de Kock
083 309 6975



Johan Mostert
072 334 3625

## Rondeberg/ Driefontein



Narina Carstens
072 356 1290



Michael Randall
079 769 3638

# KERKJAAR *Kalender*



## *Advent*

Vanaf 30 November 2025

JESAJA 9:5

Advent beteken letterlik "koms". Ons leef opnuut in die wonder van die menswording van Christus.



## *Kersfees*

25 Desember 2025

JOHANNES 3:16

Dink aan Jesus se koms in die gestalte van 'n baba, maar ook aan sy tweede koms - die wederkoms



## *Epifanie*

1 Januarie 2026

FILIPPENSE 2:5-11

Ons dink aan Christus se lewe hier op aarde (Sy doop, leringe, doen en late) tot en met Hy die lydenspad begin loop het.



## *Lydenstyd*

MATTEUS 17:1-8

15 Februarie - 5 April 2026

Lydenstyd is 'n seisoen van 46 dae waarin die kerk met vreugde, erns en pyn die versoenende sterwe van Jesus verkondig, deur sy lyding in herinnering te roep en daarop te reageer in voorbereiding vir Paasfees.



## *As-Woensdag*

PSALM 103:1-4

18 Februarie 2026

Tydens Aswoensdag het ons berou en doen skuldbelydenis. Dit is deel van ons hertoewyding aan God.



## *Palmsondag*

SAGARIA 9:9-10

29 Maart 2026

Op Palmsondag word Jesus se intog in Jerusalem herdenk. Palmtakke en kruisies wat uit Palmblare gemaak is, speel 'n groot rol in die viering van hierdie dag.

*Ons is dankbare , diensbare ligdraers*



2 April 2026

## Wit Donderdag

Die laaste ete (Avondmaal) van Jesus met sy dissipels word herdenk, gewoonlik met die viering van die Nagmaal. Ons prys die Here wat die lig vir die wêreld is. Ons dink aan Christus se bittere lyding



3 April 2026

## Goeie Vrydag

LUKAS 24:5-7

Die dag waarop ons die kruisiging van Jesus herdenk.

## Stilsaterdag

4 April 2026

Op hierdie dag dink ons aan Christus in die graf en daarop is dit 'n dag van stilte en afwagting. Die stilte is nie sonder passie nie, maar vol van gespanne afwagting op die uitkoms van Christus se worsteling met die dood



5 April 2026

## Paassondag

Van die vroegste tye het gelowiges mekaar op hierdie Sondag met hierdie woorde gegroet: "Die Here het waarlik opgestaan!". Moenie hierdie woorde vandag net herhaal nie, maar lewe dit soos Jesus!



## Hemelvaart

14 Mei 2026

Handelinge 1:11

Hemelvaart herinner ons aan die voltooidheid van Jesus se Verlossingswerk op aarde. Hy vaar op om aan die regterhand van God die Vader te regeer en verseker daardeur dat ons saam met Hom sal regeer





24 - 31 Mei 2026

## Pinkster

HANDELINGE 1:8

Dis 'n tyd waar die werk van al drie Persone en God gevier word: agter alles staan God as Vader, as Skepper en Herskepper wie se verlossingsplan deur Christus en die Gees waar word.



Junie - November 2026

## Koninkrykstyd

Filippense 1:27

Die tydperk na Pinkster tot en met Advent, is as "gewone" tyd of "Koninkrykstyd bekend

# Januarie 2026

Maandtema:

## *"Liefde begin by dankbaarheid"*

"Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het."
1 Johannes 4:19

Ons begin die jaar met dankbaarheid, om God se liefde te onthou en dit prakties met mekaar te deel.

**PRAKTIESE UITDAGING:**
Dankbaarheidsfles:
Neem 'n leë fles en vul dit deur die jaar met dankbare oomblikke.

- Sê dankie by jou werk.
- Stuur 'n dankie-boodskap.
- Gee iets uit jou kombuis vir iemand in nood.
- Bid saam en dank die Here vir Sy goedheid.

*Notas:*

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | 1<br>Nuwejaarsdag<br> | 2 | 3 |
| 4<br>**Erediens 09:00**<br>Deuroffer: Eweredige Bydrae | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
| 11<br>**Erediens 09:00**<br>Deuroffer: Eweredige Bydrae<br>Blomme: Yolandré Scheepers<br>Tee: Lizelle Hoffman | 12 | 13 | 14<br>Skole open<br> | 15 | 16<br>KERKRAADSWEGBREEK | 17 |
| 18<br>**Erediens 09:00**<br>Deuroffer: Radiokansel<br>KATEGESE OPEN VIR 2026<br>Blomme: Tanya Simonis<br>Tee: Ninette Herholdt | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 | 24<br>Toerusting Kategese Personeel<br> |
| 25<br>**Erediens 09:00**<br>Deuroffer: Straatwerk<br>KATEGESE<br>Blomme: Suzani Burger<br>Tee: Tania van Tonder | 26 | 27 | 28 | 29 | 30 | 31 |

**WYKSLEIDSTER:** Lizelle Hoffman (083 409 3499)

# Februarie 2026

## Maandtema:

### *"Liefde wat luister"*

"Elke mens moet vinniger wees om te luister, stadiger om te praat en stadiger om kwaad te word."
Jakobus 1:19

In 'n wêreld waar almal haastig is, raak ware luister 'n geskenk. Hierdie maand nooi ons jou uit om stadig te raak en iemand se hart regtig te hoor.

**PRAKTIESE UITDAGING:**
Nooi iemand vir koffie, iemand wat jy lanklaas gesien het, iemand wat stil geraak het, of iemand wat jy gerus wil stel.
Sit saam, wees teenwoordig, en vra net:
"Hoe gaan dit rêgtig met jou?"

*Notas:*

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1<br>**Erediens 09:00**<br>Deuroffer: Bybelverspreiding<br>KATEGESE<br>Blomme: Marelize Bekker<br>Tee: Ursula van Zyl<br>**SONDAGSKOOLPIEKNIEK** | 2 | 3<br>Bybelstudie:<br>Dames: 15:30 | 4<br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00 | 5 | 6<br>Vroeë Nagmaal<br>07:00<br> | 7 |
| 8 **BIDDAG OPVOEDING/ ONDERWYS**<br>**Nagmaal 09:00**<br>Deuroffer: Opvoeding en Onderwys<br>KATEGESE<br>Blomme: Renee Rohlandt<br>Tee: Marike van Wyk | 9 | 10<br>Bybelstudie:<br>Dames: 15:30<br>KSK Vergader<br>17:30 | 11<br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00 | 12 | 13 | 14 |
| 15<br>**Erediens 09:00**<br>Deuroffer: Alta du Toit<br>KATEGESE<br>Blomme: Maresa Scholtz<br>Tee: Stacey van der Merwe<br>**EERSTE LYDENSWEEK** | 16 | 17<br>Bybelstudie:<br>Dames: 15:30 | 18<br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00<br>**AS-WOENSDAG** | 19 | 20 | 21<br>Vrouediens opening<br> |
| 22 **BIDDAG TRAUMA EN VERLIES**<br>**Erediens 09:00**<br>Deuroffer: Jeugwerk<br>KATEGESE<br>Blomme: Schulza Rall<br>Tee: Loami Steyn<br>**TWEEDE LYDENSWEEK** | 23 | 24<br>Bybelstudie:<br>Dames: 15:30 | 25<br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00 | 26 | 27 | 28 |
| | | | | | | <br>**DS TOLLA BESOEK ADDERLEY WYK** |

**WYKSLEIDSTER:** Lizelle Hoffman (083 409 3499)

# Maart 2026

## Maandtema:

**“Liefde wat dien”**

“Die grootste onder julle moet julle dienaar wees.”
Matteus 23:11

Wanneer ons dien, word liefde sigbaar. Broederliefde lê nie net in groot dade nie, maar in die klein goedjies wat iemand se dag ligter maak — ’n bord warm kos, ’n vinnige “lift” dorp toe, ’n hand op ’n skouer wat sê: “Jy is nie alleen nie.”

**PRAKTIESE UITDAGING:**

Kies iemand of iets om te ondersteun. Dit kan iemand wees wat swaar kry, ’n gesin wat bemoediging nodig het, ’n senior wat alleen is, of selfs ’n projek in ons gemeenskap wat ’n ekstra hand benodig.

*Notas:*

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1<br>**Erediens 09:00**<br>Deuroffer: Vrouebediening<br>KATEGESE<br>Blomme: Marilien Lötter<br>Tee: Jeannie de Kock<br>**DERDE LYDENSWEEK** | 2 | 3<br>Bybelstudie:<br>Dames: 15:30 | 4<br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00 | 5 | 6<br>Wêreldbiddag vir Vroue | 7<br>Wêreldbiddag vir Mans<br>Manneontbyt 09:00 |
| 8<br>**Erediens 09:00**<br>Deuroffer: Gemeentehulpfonds<br>KATEGESE<br>Blomme: Nelie Steenkamp<br>Tee: Elize Lourens<br>**VIERDE LYDENSWEEK** | 9 | 10<br>Bybelstudie:<br>Dames: 15:30<br>KSK Vergader 17:30 | 11<br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00 | 12 | 13<br>GEMEENTEKAMP | 14<br>GEMEENTEKAMP |
| 15<br>**Erediens 09:00**<br>Deuroffer: Eweredige Bydrae<br>Blomme: Retha Greyling<br>Tee: Alida Vos<br>**VYFDE LYDENSWEEK** | 16 | 17<br>Bybelstudie:<br>Dames: 15:30 | 18<br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00 | 19 | 20 | 21<br>MENSEREGTE-DAG |
| 22 **PALMSONDAG**<br>**Erediens 09:00**<br>Deuroffer: Eweredige Bydrae<br>KATEGESE<br>Blomme: Lizelle Hoffman<br>Tee: Yolandré Scheepers<br>**SESDE LYDENSWEEK** | 23 | 24<br>Bybelstudie:<br>Dames: 15:30 | 25<br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00 | 26 | 27<br>Skole sluit | 28 |
| 29<br>**Erediens 09:00**<br>Deuroffer: Eweredige Bydrae<br>Blomme: Ninette Herholdt<br>Tee: Tanya Simonis<br>**SEWENDE LYDENSWEEK** | 30 | 31 | | | | **DS TOLLA BESOEK ADDERLEY WYK** |

**WYKSLEIDSTER:** Lizelle Hoffman (083 409 3499)

# April 2026

## Maandtema:

### *"Liefde wat vergewe"*

"Vergewe mekaar soos God julle vergewe het."
Efesiërs 4:32

Paastyd herinner ons dat liefde nie voltooi is sonder vergifnis nie. Om te vergewe, is om weer asem te kan haal.

**PRAKTIESE UITDAGING:**

- Laat elke dag een persoon gelukkig of laat hom of haar glimlag.
- Gee elke dag vir iemand 'n drukkie of 'n kompliment om hom of haar spesiaal te laat voel.
- Staan elke dag stil vir 10 sekondes – haal asem en dink aan een ding waarvoor jy dankbaar is.
- Vat iemand hierdie maand vir koffie en sê jy is jammer.

*Notas:*

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2<br>Pasga-ete<br>18:00 | 3<br>Goeie Vrydag<br>Nagmaal 09:30 | 4 |
| 5 **PAASSONDAG**<br>**Erediens 09:30**<br>Deuroffer: Eweredige Bydrae<br>Blomme: ALMAL<br>Tee: Barbara Herholdt | 6<br>Gesinsdag | 7<br>KSK Vergader<br>18:00 | 8<br>Skole heropen<br><br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00 | 9<br>Seën op die<br>Landboujaar<br>09:00 | 10<br>Koffiehuis<br>Kategese<br>All we NEED IS coffee | 11 |
| 12 **BIDDAG GESONDHEIDS-DIENSTE**<br>**Erediens 09:30**<br>Deuroffer: VCSV<br>KATEGESE<br>Blomme: Sonja Brand<br>Tee: Lucille Bothma | 13 | 14<br>Bybelstudie:<br>Dames: 15:30<br><br>Kerkraad<br>Vergader 18:00 | 15<br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00 | 16 | 17 | 18 |
| 19<br>**Erediens 09:30**<br>Deuroffer: BADISA<br>KATEGESE<br>Blomme: Phelia Loubser<br>Tee: Mari Loubser | 20 | 21<br>Bybelstudie:<br>Dames: 15:30 | 22<br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00 | 23 | 24 | 25 |
| 26<br>**Erediens 09:30**<br>Deuroffer: Eweredige Bydrae<br>Blomme: Cornéle Blanckenberg<br>Tee: Corlu Loubser | 27<br>Vryheidsdag | 28 | 29 | 30 | | **DS TOLLA BESOEK DORPSWYK** |

**WYKSLEIDSTER:** Phelia Loubser (083 260 4216)

# 2026

# Mei

## Maandtema:

### ***"Liefde wat vrede bring"***

"Salig is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word."
Matteus 5:9

Hierdie maand nooi ons mekaar om draers van vrede te wees — klein handelinge, sagte woorde en liefdevolle gebare.
Vrede is die teenwoordigheid van liefde, sagtheid, vergifnis en begrip.

**PRAKTIESE UITDAGING:**
Kies een persoon per week met wie jy nie gereeld praat nie en stuur 'n kort boodskappie
Kies elke week iemand wat altyd agter die skerms werk en sê dankie vir wat jy doen."

*Notas:*

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | 1<br>Werkersdag | 2<br>Sakkie van der Merwe Perderit |
| 3<br>**Erediens 09:30**<br>Deuroffer: Eweredige Bydrae<br>Blomme: Annchen Stemmet<br>Tee: Letanya Blanckenberg | 4 | 5<br>Bybelstudie:<br>Dames: 15:30<br>KSK Vergader 18:00 | 6<br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00 | 7 | 8<br>Vroeë Nagmaal 07:00 | 9 |
| 10 **MOEDERSDAG (DORP)**<br>**Erediens 09:30**<br>Deuroffer: Laerskool Philadelp<br>KATEGESE<br>Blomme: Carilette Scheepers<br>Tee: Karlien Niemann | 11 | 12<br>Bybelstudie:<br>Dames: 15:30 | 13<br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00 | 14<br>Hemelvaart<br>Erediens 18:30 | 15 | 16 |
| 17<br>**Erediens 09:30**<br>Deuroffer: Bybelverspreiding<br>KATEGESE<br>Blomme: Annalize von Solms<br>Tee: Annemarie Verreyne | 18<br>Verversings/ Ete: Klipheuwel/ Adderley | 19<br>Verversings/ Ete: Dorp | 20<br>Verversings/ Ete: Rondeberg/ Driefontein | 21<br>Verversings/ Ete: Vrouediens Dagbestuur | 22 | 23 |
| | **PINKSTERBIDURE OM 18:30 - DEUROFFER VIR BYBELVERSPREIDING** | | | | | |
| 24 **PINKSTERFEES MASSA-EREDIENS (KLIPH/ ADDERL)**<br>**Nagmaal 09:30**<br>Deuroffer: Bybelverspreiding<br>KATEGESE<br>Blomme: Corlu Loubser<br>Tee: Cornéle Blanckenberg | 25 | 26<br>Bybelstudie:<br>Dames: 15:30 | 27<br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00 | 28 | 29 | 30<br>**DS TOLLA BESOEK DORPSWYK** |

**WYKSLEIDSTER:** Phelia Loubser (083 260 4216)

*Ons is dankbare , diensbare ligdraers*

# 2026 Junie

Maandtema:

**"Liefde wat dra in moeilike tye"**

*"Dra mekaar se laste, en julle sal die wet van Christus vervul."*
*Galasiërs 6:2*

Jesus het nooit bedoel dat iemand alleen deur 'n donker tyd moet stap nie. Daarom word Junie 'n maand waar ons mekaar se laste ligter maak, iemand se wêreld 'n bietjie ligter laat voel.

**PRAKTIESE UITDAGING:**

Sit 'n sakkie kruideniers op iemand stoep.
Los 'n kaartjie met: "Hou moed.
Jy is nie alleen nie."
Gee 'n petrolvoucher of geskenkbewys.
Gesels en luister vir iemand vir 15 minute.
Sny iemand se gras;
maak 'n stukkende lig reg.

*Notas:*

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 31 **BIDDAG EKOLOGIE**<br>**Erediens 09:30**<br>Deuroffer: Instituut Blindes<br>KATEGESE<br>Blomme: Annchen Stemmet<br>Tee: Letanya Blanckenberg | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 7<br>**Erediens 09:30**<br>Deuroffer: Hugenote Kollege<br>KATEGESE<br>Blomme: Mari Loubser<br>Tee: Phelia Loubser | 8 | 9<br>Bybelstudie:<br>Dames: 15:30<br>KSK Vergader<br>18:00 | 10<br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00 | 11 | 12 | 13 |
| 14 **BIDDAG JEUG/ KATEGESE**<br>**Erediens 09:30**<br>Deuroffer: Laerskool Philadelp<br>KATEGESE<br>Blomme: Madaleen Bekker<br>Tee: Sarie Styger | 15 | 16<br>Jeugdag<br> | 17<br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00 | 18 | 19 | 20 |
| 21 **VADERSDAG (DORP)**<br>**Erediens 09:30**<br>Deuroffer: Huis Aristea<br>KATEGESE<br>Blomme: Carilette Scheepers<br>Tee: Barbara Herholdt | 22 | 23<br>Bybelstudie:<br>Dames: 15:30 | 24<br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00 | 25 | 26<br>Skole sluit<br> | 27 |
| 28<br>**Erediens 09:30**<br>Deuroffer: Eweredige Bydrae<br>Blomme: Madaleen Bekker<br>Tee: Lucille Bothma | 29 | 30 | | | | <br>**DS TOLLA BESOEK DRIEF/RONDEB** |

**WYKSLEIDSTER:** Phelia Loubser (083 260 4216)

2026

# Julie

## Maandtema:

**"Liefde wat bemoedig"**

*"Praat mekaar moed in."*
*1 Tessalonisense 5:11*

Bemoediging is broederliefde wat praat:
'n fluistering van hoop,
'n herinnering aan God se trou,
'n klein liggie vir iemand se donker oggend.
Die Here vra dat ons mekaar
net moet
opbeur en bemoedig.




**PRAKTIESE UITDAGING:**
Versamel ou of nuwe komberse en skenk dit.
Koop 'n warm koppie koffie vir die karwag.
Gee 'n beker sop vir die persoon wat
bedel by die verkeerslig.

*Notas:*

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1<br> | 2 | 3 | 4 |
| 5<br>**Erediens 09:30**<br>Deuroffer: Eweredige Bydrae<br>Blomme: Lucille Bothma<br>Tee: Madaleen Bekker | 6<br> | 7 | 8 | 9 | 10 | 11<br> |
| 12<br>**Erediens 09:30**<br>Deuroffer: Eweredige Bydrae<br>Blomme: Narina Carstens<br>Tee: Judy Kuyler | 13 | 14 | 15 | 16<br> | 17 | 18 |
| 19<br>**Erediens 09:30**<br>Deuroffer: Eweredige Bydrae<br>Blomme: Sam de Kock<br>Tee: Maggie Mostert | 20 | 21<br>Skole heropen <br><br>Bybelstudie:<br>Dames: 15:30 | 22<br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00 | 23 | 24 | 25 |
| 26<br>**Erediens 09:30**<br>Deuroffer: Carel du Toit<br>KATEGESE<br>Blomme: Rizanne van Heerden<br>Tee: Lize-Mari Herholdt | 27 | 28<br>Bybelstudie:<br>Dames: 15:30<br><br>Kerkraad<br>vergader 18:00<br>(verkiesing) | 29<br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00 | 30 | 31 | 1<br><br>**DS TOLLA BESOEK DRIEF/RONDEB** |

**WYKSLEIDSTER:** Lize-Mari Herholdt (082 213 8662)

# Augustus 2026

Maandtema:

**"Liefde wat groei deur geloof"**

*"Laat julle wortels diep in Hom groei."*
*Kolossense 2:7*

Soos die koringlande rondom Philadelphia
elke jaar weer opstaan uit die grond,
nooi God ons om ook weer op te staan:
om te groei in vertroue,
om dieper gewortel te wees in Sy Woord,
en om liefde te laat blom
in elke verhouding.
Lente begin nie buite nie — dit begin in jou hart.

**PRAKTIESE UITDAGING:**
Bring 'n pakkie met saadjies of 'n bakkie
met saailinge in;
ONS GAAN LENTEBLOMME PLANT!!

Notas:

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 2<br>**Erediens 09:30**<br>Deuroffer: Paarlskool<br>KATEGESE<br>Blomme: Helene Mostert<br>Tee: Liesl Hamman<br>**KATEGESE JUNIORS PRET** | 3 | 4<br>Bybelstudie:<br>Dames: 15:30 | 5<br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00 | 6 | 7<br>Vroeë Nagmaal<br>07:00 | 8 |
| 9 **NASIONALE VROUEDAG**<br>**Erediens 09:30**<br>Deuroffer: Eweredige Bydrae<br>Blomme: Marelize Herholdt<br>Tee: Hanlie Mostert | 10<br>Openbare vakansiedag | 11<br>Bybelstudie:<br>Dames: 15:30 | 12<br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00 | 13 | 14 | 15 |
| 16<br>**Erediens 09:30**<br>Deuroffer: Durbanville Kinderhuis<br>KATEGESE<br>Blomme: Fernanda Hamman<br>Tee: Sunette Mostert | 17 | 18<br>Bybelstudie:<br>Dames: 15:30<br><br>KSK Vergader<br>17:30 | 19<br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00 | 20 | 21 | 22 |
| 23<br>**Erediens 09:30**<br>Deuroffer: Predikante-begeleiding<br>KATEGESE<br>Blomme: Lucinda Randall<br>Tee: Melinda Nolte | 24 | 25<br>Bybelstudie:<br>Dames: 15:30 | 26<br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00 | 27 | 28 | 29 |
| 30 **BYBELSONDAG**<br>**Erediens 09:30**<br>Deuroffer: Instituut Dowes<br>KATEGESE<br>Blomme: Danielle Carstens<br>Tee: Elanza Barnard | 31 | | | | | **DS TOLLA BESOEK KOEBERGWYK** |

**WYKSLEIDSTER:** Lize-Mari Herholdt (082 213 8662)

2026

# September

*Maandtema:*

## ***"Liefde wat saam vier"***

*"Lag en vier fees saam met elkeen wat bly is."*
*Romeine 12:15*

Basaar-maand vier ons nie net die lente nie,
ons kom bymekaar, ons lag saam,
ons werk saam en ons bou saam
aan iets groter as onsself.
Elke glimlag en elke hand van hulp
word 'n viering van God se goedheid.

**PRAKTIESE UITDAGING:**
Hoe kan jy deel wees?
Help vir 'n uur by 'n stalletjie; skenk iets;
bring 'n vriend, buurman of familielid saam.
Bid vir die dag se seën.
Gee 'n drukkie, 'n glimlag en 'n dankie!

*Notas:*

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 BASAAR  FEESNAWEEK | 5 |
| 6 **MASSA-EREDIENS BIDDAG DOWES**<br>**Nagmaal 09:30**<br>Deuroffer: Jeugwerk<br>KATEGESE<br>Blomme: Debre Smuts<br>Tee: Sam de Kock | 7 | 8<br>Bybelstudie:<br>Dames: 15:30 | 9<br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00 | 10 | 11 | 12 |
| 13 **BIDDAG LANDBOU/ BOERDERYGEMEENSKAP**<br>**Erediens 09:30**<br>Deuroffer: Christelike Lektuur-fonds<br>KATEGESE<br>Blomme: Renschia van Blerk<br>Tee: Garetha Hamman | 14 | 15<br>Bybelstudie:<br>Dames: 15:30<br>KSK Vergader<br>17:30 | 16<br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00 | 17 | 18 | 19<br>Phil Landbou-vereniging<br>Motorfietsdag  |
| 20 **BIDDAG BEDIENING AAN JODE**<br>**Erediens 09:30**<br>Deuroffer: Bediening aan Jode<br>KATEGESE<br>Blomme: Lize-Mari Herholdt<br>Tee: Mare-lize Rabie | 21 | 22<br>Bybelstudie:<br>Dames: 15:30 | 23<br>Skole sluit  | 24<br>Erfenisdag  | 25 | 26 |
| 27 **BIDDAG BEJAARDES**<br>**Erediens 09:30**<br>Deuroffer: Eweredige Bydrae<br>Blomme: Hanlie Mostert<br>Tee: Lucinda Randall | 28 | 29 | 30 | | | <br>**DS TOLLA BESOEK KOEBERGWYK** |

**WYKSLEIDSTER:** Lize-Mari Herholdt (082 213 8662)

# Oktober 2026

## Maandtema:

**"Liefde wat onthou"**

*"Ek dank God vir elke herinnering aan hulle."*
*Filippense. 1:3*

Oktober word 'n maand van sagte herinneringe.
Ons onthou die geliefdes wat ons verloor het, maar ons eer ook die mense wat nóg by ons is – die lewendes wat elke dag ons lewens ryker maak.
Liefde wat onthou sê: "Jy was vir my belangrik.
Jy ís vir my belangrik.
En ek dra jou in my hart."

**PRAKTIESE UITDAGING:**
Ons eie "Onthouhoekie"
Bring 'n foto, 'n naam of 'n kort boodskap van 'n geliefde en kom plaas dit by ons "Onthouhoekie"

Notas:

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 1 | 2 | 3 |
| 4<br>**Erediens 09:00**<br>Deuroffer: Eweredige Bydrae<br>Blomme: Tania van Tonder<br>Tee: Suzani Burger | 5 | 6<br>Skole heropen<br><br>Bybelstudie:<br>Dames: 15:30 | 7<br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00 | 8 | 9 | 10 |
| 11<br>**Erediens 09:00**<br>Deuroffer: Arbeidsbediening<br>KATEGESE<br>Blomme: Ursula van Zyl<br>Tee: Marelise Bekker<br><br>**KERKRAADSBEVESTIGING** | 12 | 13<br>Bybelstudie:<br>Dames: 15:30<br><br>KSK Vergader<br>17:30 | 14<br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00 | 15 | 16<br>Stoepsitete<br>11:30 vir 12:00 | 17 |
| 18<br>**Erediens 09:00**<br>Deuroffer: MES Durbanville<br>KATEGESE<br>Blomme: Marike van Wyk<br>Tee: Renee Rohlandt<br><br>**KERKHOFSONDAG** | 19 | 20<br>Bybelstudie:<br>Dames: 15:30 | 21<br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00 | 22 | 23 | 24 |
| 25<br>**Erediens 09:00**<br>Deuroffer: Die Burger Kersfonds<br>KATEGESE<br>Blomme: Loami Steyn<br>Tee: Schulza Rall<br><br>**HERVORMINGSFEES** | 26 | 27<br>Bybelstudie:<br>Dames: 15:30 | 28<br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00 | 29 | 30 | 31<br>**DS TOLLA BESOEK KLIPHEUWEL** |

**WYKSLEIDSTER:** Lizelle Hoffman (083 409 3499)

# November 2026

## Maandtema:

**"Liefde wat gee sonder verwagting"**

*"God het die blymoedige gewer lief."*
*2 Korintiërs 9:7*

November nooi ons om weer die vreugde van onvoorwaardelike gee te ontdek.
Ons gee nie omdat ons iets terug verwag nie.
Ons gee omdat God ons reeds oorlaai het met sy goedheid.

**PRAKTIESE UITDAGING:**
"Here, ons dank U..."
Kom pen iets vas op ons DANKBAARHEIDSBORD waarvoor jy opreg dankbaar is —
'n gebedsverhoring, 'n herstel,
'n seën op die plaas, 'n nuwe begin,
'n kleinkind, vrede ná storms.

Notas:

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1<br>**Erediens 09:00**<br>Deuroffer: Hospitaalbearb<br>KATEGESE<br>Blomme: Jeannie de Kock<br>Tee: Marilien Lötter<br>**BELYDENIS VAN GELOOF** | 2 | 3<br>Bybelstudie:<br>Dames: 15:30 | 4<br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00 | 5 | 6 | 7 |
| 8<br>**Erediens 09:00**<br>Deuroffer: Huis Andries Olivier<br>KATEGESE<br>Blomme: Alida Vos<br>Tee: Retha Greyling | 9 | 10<br>Bybelstudie<br>Dames: 15:30 | 11<br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00 | 12 | 13 | 14 |
| 15 **BIDDAG BESKERMINGS-DIENSTE**<br>**Erediens 09:00**<br>Deuroffer: Studente-bearbeiding<br>KATEGESE<br>Blomme: Elize Lourens<br>Tee: Nelie Steenkamp | 16 | 17<br>Bybelstudie:<br>Dames: 15:30 | 18<br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00 | 19 | 20 | 21 |
| 22<br>**Erediens 09:00**<br>Deuroffer: Bybelgenootskap<br>Blomme: Stacey v.d. Merwe<br>Tee: Maresa Scholtz<br>**KATEGESE AFSLUITING** | 23 | 24<br>Bybelstudie:<br>Dames: 15:30 | 25<br>Bybelstudie:<br>Pastorie: 17:30<br>Koringstraat<br>Kleingroep: 19:00 | 26 | 27 | 28 |
| 29<br>**Erediens 09:00**<br>Deuroffer: Bybelgenootskap<br>Blomme: Yolandré Scheepers<br>Tee: Lizelle Hoffman<br>**OESFEES (KOEBERG)**<br>**EERSTE ADVENTSONDAG** | 30 | | | | | **DS TOLLA BESOEK KLIPHEUWEL** |

**WYKSLEIDSTER:** Lizelle Hoffman (083 409 3499)


# Desember 2026

Maandtema:

**"Liefde wat mens word"**



*"En die Woord het mens geword en onder ons kom woon."*
*Johannes 1:14*



Kersfees herinner ons dat liefde nie net 'n gevoel is nie,
maar 'n Persoon - God wat mens word,
wat tussen ons kom woon,
wat lig bring waar donkerte is.
Wanneer ons Sy liefde leef,
word ons ook
ligdraers vir mekaar.

**PRAKTIESE UITDAGING:**
Gee elke dag van die maand 'n kompliment of 'n mooi woord vir iemand - 31 klein vonkies wat 'n groot lig kan maak!

Notas:

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| ` | | 1 | 2 | 3 | 4<br>Vroeë Nagmaal 07:00 | 5 |
| 6<br>**Erediens 09:00**<br>Deuroffer: Eweredige Bydrae<br>Blomme: Ninette Herholdt<br>Tee: Tania Simonis<br>**KERSSANGDIENS 19:00**<br>**TWEEDE ADVENTSONDAG** | 7 | 8<br>KSK Vergader 17:30 | 9<br>Skole sluit | 10 | 11 | 12 |
| 13<br>**Erediens 09:00**<br>Deuroffer: Eweredige Bydrae<br>Blomme: Suzani Burger<br>Tee: Tania van Tonder<br>**DERDE ADVENTSONDAG** | 14 | 15 | 16<br>Versoeningsdag | 17 | 18 | 19 |
| 20<br>**Erediens 09:00**<br>Deuroffer: Eweredige Bydrae<br>Blomme: Marelise Bekker<br>Tee: Ursula van Zyl<br>**VIERDE ADVENTSONDAG** | 21 | 22 | 23 | 24 | 25<br>Kersfees<br>Erediens 09:00<br>Deuroffer: Magdalena Tehuis | 26<br>Welwillenheids-dag |
| 27<br>**Erediens 09:00**<br>Deuroffer: Eweredige Bydrae | 28 | 29 | 30 | 31 | | |

**WYKSLEIDSTER:** Lizelle Hoffman (083 409 3499)

# 2027 Januarie

## 'n Terugblik op 2026...

Die 2026-jaar is verby en al die herinneringe lê
nog vlak in ons gedagtes -
'n jaar waar ons ware broederliefde uitgeleef het.
Dit begin met dankbaarheid wat
ons harte oopmaak,
en vloei oor in luister, dien en vergewe.
Liefde het vrede gebring waar
daar spanning was
en ons gedra toe die pad swaar was.
Dit het ons bemoedig in koue tye en ons
weer laat groei in geloof.
Ons het saam gevier, onthou en uiteindelik
gegee uit ons oorvloed waarmee
God ons geseën het omdat
Sy liefde deur elke seisoen
van ons lewe gestroom het.

Notas:

| SONDAG | MAANDAG | DINSDAG | WOENSDAG | DONDERDAG | VRYDAG | SATERDAG |
|---|---|---|---|---|---|---|
| ` | | | | | 1<br>Nuwejaarsdag | 2 |
| 3<br>**Erediens 09:00**<br>Deuroffer: Eweredige Bydrae | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 |
| 10<br>**Erediens 09:00**<br>Deuroffer: Eweredige Bydrae | 11 | 12 | 13<br>Skole open | 14 | 15<br>KERKRAADSWEGBREEK | 16 |
| 17<br>**Erediens 09:00**<br>Deuroffer: Radiokansel<br>KATEGESE OPEN VIR 2027<br>Blomme:<br>Tee: | 18 | 19 | 20 | 21 | 22 | 23 |
| 24<br>**Erediens 09:00**<br>Deuroffer: Straatwerk<br>Blomme:<br>Tee: | 25 | 26 | 27 | 28 | 29 | |